

**Titel: Uitgestort**  
**Spreker: Heinrich Titus**  
**Datum: 6 Junie 2010**  
**Tyd: 9:00**



**'n God wat hoor**

**Eksodus 3:7-8**

<sup>7</sup>Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. <sup>8</sup>Daarom het ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning.....

**'n Lam vir elke huis**

**Eksodus 12:1,21-22,24-27**

<sup>1</sup>In Egipte het die Here vir Moses en Aäron gesê: “Hierdie maand is vir julle die belangrikste maand; dit moet die eerste maand van die jaar word. <sup>21</sup>Moses het toe al die leiers van Israel bymeekaareroep en vir hulle gesê: “Gaan vang vir julle gesinne elkeen 'n lam uit en slag die paaslam! <sup>22</sup>Neem 'n bossie hissop, doop dit in 'n bak met bloed en smeer dit aan die bokant en die sykant van die deurkosyn. Nie een van julle mag by sy deur uitgaan voor die volgende môre nie. <sup>24</sup>Julle en julle kinders moet altyd hierdie voorskrif eerbiedig. <sup>25</sup>Wanneer julle in die land kom wat die Here vir julle gaan gee soos Hy beloop het, moet julle hierdie verpligtinge nakom. <sup>26</sup>As julle kinders sou vra, “Wat beteken hierdie verpligting?” <sup>27</sup>moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israeliete se huise oorgeslaan het, terywl Hy die Egiptenare getref het en ons huise gespaar het.

**'n Lam vir die hele wêreld**

**Johannes 1:29**

<sup>29</sup>Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”

**Openbaring 5:9-12**

<sup>9</sup>Toe sing hulle 'n nuwe lied: “U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. <sup>10</sup>U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.” <sup>11</sup>Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor uitroep: <sup>12</sup>Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en die rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.”

**Onthou**

**Lukas 22:17,19**

<sup>17</sup>Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed en sê: “Neem dit en gee vir mekaar aan. <sup>19</sup>Toe neem Hy die brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.”

**Ayoba!**

**Psalm 103:1-5**

<sup>1</sup>Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy Heilige Naam loof. <sup>2</sup>Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. <sup>3</sup>Dit is hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, <sup>4</sup>wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, <sup>5</sup>wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.

### **Verlos uit slawerny van veroordeling**

**Romeine 8:1-2**

“Dit is hy wat al my sonde vergewe”:

<sup>1</sup>Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. <sup>2</sup>Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en dood.

### **Verlos uit slawerny van fisiese straf**

**Jesaja 53: 4-5**

“wat al my siekte genees,”

<sup>4</sup>Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. <sup>5</sup>Oor ons oortredings is hy deurbor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

### **Verlos uit slawerny van vrees**

**Romeine 8:38-39**

“wat my red van die graf”

<sup>38</sup>Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose mags of teenwoordige of toekomstige dinge of krag <sup>39</sup>of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

### **Verlos uit slawerny van skande**

**Openbaring 5:10**

“en my met liefde en ontferming kroon”

<sup>10</sup>U het hulle ‘n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.”

### **Verlos uit slawerny van oorlewing**

**Johannes 10:10**

“wat my die lewe in oorvloed laat geniet”

<sup>10</sup>’n Dief kom net steel en slag en verwoes; ek het gekom dat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

### **Verlos uit slawerny van neerslagtigheid**

**Mattheus 11:28-30**

“my die jeugdige krag van die arend skenk.”

<sup>28</sup>Kom na my toe almal wat uitgeput en oorlaai is, en ek sal julle rus gee. <sup>29</sup>Neem my juk op julle en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. <sup>30</sup>My juk is sag en my las is lig.

### **Gebed:**

- van veroordeling
- van vrees
- van fisiese straf
- van uitputting en neerslagtigheid
- van fisiese oorlewing
- van skaamte en skande